

17 September

Skrifgedeelte: Matteus 9:35 – 10:8
Fokusgedeelte: Matteus 10:1, 5a

Jesus roep jou om sy dissipel te wees en stuur jou uit om vir Hom dissipels te maak

Ons Here Jesus roep ons nie alleen om sy dissipels te wéés nie, maar ook om vir Hom dissipels te máák.

Matteus vertel hier hoe Hy sy dissipels, as sy *gevolmagtigde gesante*, uitstuur om die blye boodskap van sy koms as ons Koning en Verlosser, in woord en daad uit te dra.

Hy het hulle geroep om sy *dissipels* – sy *leerlinge* – te wees, Hom te volg en by Hom te bly, sodat hulle alles kan *hoor* wat Hy sê – oor sy koninkryk wat Hy, ons Koning en Verlosser, onder ons sou kom oprig. En alles kon *sien* wat Hy doen – al die wonders waardeur Hy bewys het dat Hy Koning is en oor alles en almal regeer!

Toe het Hy hulle, as sy *gevolmagtigde gesante*, uitgestuur om – voorlopig nog net aan die verlore skape van Israel, maar later ook aan al die nasies – die blye boodskap te verkondig dat die koninkryk van die hemele naby gekom het. En om, as bewys hiervan, siekes gesond te maak, dooies op te wek, melaatses te reinig en bose geeste uit te drywe.

So roep ons Here Jesus jǒú ook om sy dissipel te wees – om in die allernouste gemeenskap met Hom te lewe en van Hom te leer. En dan stuur Hy jou, deur sy Gees toegerus, uit om vir Hom dissipels te maak – om sy getuie in die wêreld te wees en met dankbare vreugde vir een en almal te vertel dat Hý jou Verlosser, jou Koning en jou Here, is.

Hy wil jǒú as 'n arbeider gebruik om sy oes vir Hom in te samel. Leef daarom in gemeenskap met Hom en leer van Hom. En getuig, daar waar jy woon of werk – in woord en daad – vir Hom!

Sing: Psalm 66:2 (1936)

Ds. AJ (André) Myburgh (Springs)